


Miles & Shirley Schilder

PO BOX 12208 GARDEN ROUTE MALL 6546 Ph: 0448780215 / 0766085847



Maart 2016

Gebedsversoeke

- Kerk eindom
- Suksesvolle aansoek van klaskamers vir ons dienste
- Werk vir Morné, Robert.
- Groei van ons Sondag-skool
- Groei van Gelowiges
- Die redding van die mense van Pacaltsdorp
- Groei van nuwe gelowiges: John & Katy, Elton

Epos adres:

milesschilder@gmail.com

Pacaltsdorp Bediening

Groete in die Naam van Jesus

Dit is met 'n swaar hart dat ons julle moet inlig dat Standard Bank nie goedkeuring gegee het vir die herosenering van die eiendom wat ons graag wou bekom het nie. Die af-



gelope 8 maande het ons ons bes probeer om hulle te oorreed maar dit was onsuksesvol.

Die eienaar het ook reeds iemand anders gekry wat hom 'n aanbod gemaak het. So die proses na die soeke vir eiendom begin weer. Bid asb hiervoor.

Ons moes ook heraansoek doen vir die gebruik van die klaskamer waar ons huidiglik ontmoet. Bid asb dat die aansoek suksesvol sal wees. Met die aansoek het ek ook gevra vir 'n ekstra klaskamer. Van ons kinders in die Sondag-skool begin hulle tienar jare die jaar en ons moet 'n klas vir hulle begin.

Ons het ook twee van ons enkel mammys verloor. Beide het betrokke ge-

word in verhoudings met ongeredde mans. Nadat ons hulle berading gegee het, het hulle besluit om in die verhoudings te bly. Een dame het uit haar eie die kerk verlaat en die ander se lidmaatskap is be-eindig na sy nie meer dienste bygewoon het nie.

Dissipelskap vir ons manne..

In Februarie het ons klasse gehad vir ons mans oor die kuns van prediking. Later hierdie maand hoop ons om n manne saamtrek by te woon wat sal leer oor leierskap in die huis sowel as om goddelike manne te wees. Bid vir ons manne dat hulle sal wees wat God wil he hulle moet wees en dat God nog manne sal byvoeg by die gemeente.

In Maart kon ons 'n Doop diens hou met 5 gelowiges wie die Here gehoor-



saam het in die doop. Ons hoop om die Sondag 7 mense te verwelkom as lede in ons kerk famliie.

6de Bestaansjaar as Gemeente

In Februarie die jaar kon ons ons 6de bestaansjaar vier as gemeente. Ons dank die Here vir die voorreg wat Hy ons gegee het tot dusver om die kosbare evangelie te verkondig aan die mense van Pacaltsdorp. Dankie vir julle getrouheid om die werk te ondersteun en vir die deel wat julle bydra in die werk hier in Pacaltsdorp. Die werk sover was stadig... met vele seeninge ... asook terugslae ... maar deur Sy genade gaan die werk voort



Dankie vir julle gebede vir ons asook julle finansieele hulp

Julle diensknegte in Pacaltsdorp

Vir Sy Glorie

Miles & Shirley